SimpleStudy®

GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

## PROVINSIALE EKSAMEN

# JUNIE 2018

## GRAAD 11

| EKONOMIE<br>VRAESTEL 1 |
|---|

# NASIENRIGLYNE

**18 bladsye**

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**PROVINSIALE EKSAMEN**

**EKONOMIE**
**(Vraestel 1)**

**AFDELING A (VERPLIGTEND)**

**VRAAG 1**

1.1 **MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

1.1.1 A – bedrag geld wat ŉ arbeider ontvang ✓✓
1.1.2 C – die produksie van die land✓✓
1.1.3 B – entrepreneur✓✓
1.1.4 C – BBP teen konstante pryse✓✓
1.1.5 D – nasionale✓✓
1.1.6 B – Sasol✓✓
1.1.7 D – ŉ openbare en ŉ private sektor✓✓
1.1.8 A – steenkool✓✓ (8x2) (16) (16)

1.2 **PASITEMS**

1.2.1 F – Ouderdomspensioen is ŉ voorbeeld hiervan ✓
1.2.2 A – Uitgedruk deur reële BBP per kapita, lewensverwagting en vlakke van geletterdheid✓
1.2.3 G – Die vloei van goedere en dienste✓
1.2.4 E – Sekondêre ekonomiese aktiwiteit✓
1.2.5 H – Produkte wat binne SA gekoop word✓
1.2.6 D – Belasting en staatsbesteding✓
1.2.7 C – Motors, geboue en paaie✓
1.2.8 B – Ouderdomme tussen 15 en 64 jaar✓ (8x1) (8)

1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Produksiefaktore ✓
1.3.2 Makro-ekonomie ✓
1.3.3 Infrastruktuur ✓
1.3.4 Produktiwiteit ✓
1.3.5 Bestedingsmetode ✓
1.3.6 Per kapita inkome ✓ (6x1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B**

Beantwoord TWEE van die drie vrae van hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**

**2.1** 2.1.1 **Noem enige TWEE kategorieë van finale verbruiksbesteding deur huishoudings.**

- duursame goedere ✓
- semi-duursame goedere ✓
- nie-duursame goedere ✓
- dienste ✓ (2x1) (2)

2.1.2 **Waarom is kapitaalvorming belangrik vir die ekonomie van Suid-Afrika?**

- Dit verhoog produksie van goedere en dienste ✓✓
- Ekonomiese groei hang af van die koers waarteen kapitaalvorming plaasvind. ✓✓
- Hoe hoër die koers waarteen kapitaalvorming plaasvind, hoe hoër die ekonomiese groei. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (1x2) (2)

2.2 DATARESPONS

2.2.1 **Identifiseer die tersiêre aktiwiteit wat die meeste bydra tot die Suid-Afrikaanse ekonomie in Gauteng?**

- Konstruksie✓ (1)

2.2.2 **Gee ’n rede vir die ekonomiese aktiwiteit wat die hoogste persentasie bydra tot die tersiêre sektor.**

- Ontwikkeling van infrastruktuur, bv. paaie, brûe, damme, geboue en stadions. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1)

2.2.3 **Verduidelik kortliks die term *tersiêre ekonomiese aktiwiteite.***

- Die tersiêre sektor behels die dienste wat die ekonomie ondersteun, soos verkope en verspreiding van die artikels wat deur die sekondêre nywerhede geproduseer word.✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2)

2.2.4 **Hoekom is dit verkieslik vir ’n land om ’n sterker tersiêre sektor as ’n primêre sektor te hê?**

- Die tersiêre sektor is die grootste werkverskaffings sektor ✓✓ / die tersiêre sektor het meer mense in diens geneem as die primêre sektor.
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Wat is die rol wat vervoer speel in die versterking van die tersiêre sektor in Gauteng.**

- Werkers word op ’n daaglikse wyse vervoer vanaf hul huise na hul werke ✓✓
- Goedere word vervoer vanaf die vervaardiger na die verbruiker (markte) ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2x2) (4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Identifiseer ’n moontlike rede vir die daling van entrepreneurskap in SA?**

- ’n Tekort aan fondse / befondsing ✓ (1)

2.3.2 **Noem EEN hoofrede waarom deelnemers hulle eie besighede begin het.**

- Hulle het ’n geleentheid geïdentifiseer ✓
- Hulle wou hulle eie baas wees ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die konsep *entrepreneurskap.***

- Entrepreneurskap is ’n agent wat al die produksiefaktore verbind in waardevolle goedere en dienste. ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2)

2.3.4 **Verduidelik enige faktor wat die wins van ’n entrepreneur beïnvloed.**

- Die vaardighede van die entrepreneur
  - Entrepreneurs moet intensiewe marknavorsing doen en mededingers analiseer. ✓✓
- Die vraag vir die produk
  - Indien die vraag vir die produk hoog is, sal die verkope moontlik ook hoog wees. ✓✓
- Die produksieproses en tegnieke
  - Produseerders moet besluit op aspekte soos massaproduksie. ✓✓ (2)

2.3.5 **Wat is die belangrikheid van entrepreneurskap in die Suid-Afrikaanse ekonomie?**

Entrepreneurs speel 'n baie belangrike rol deur by te dra tot:

- Ekonomiese groei en vooruitgang van 'n land se ekonomie✓✓
- Kombineer die produksiefaktore om goedere en dienste te produseer en om in die behoeftes en begeertes van verbruikers te voorsien✓✓
- Toon ondernemingsgees om 'n sakeonderneming te begin en met 'n sake-idee vorendag te kom om 'n wins te maak. ✓✓
- Aanvaar risiko's en al die verliese indien die onderneming bankrot speel✓✓
- Neem besluite oor wat om te produseer, waar om die onderneming te begin en vir wie geproduseer moet word. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2x2) (4)

2.4 **Onderskei tussen *hernubare en nie-hernubare hulpbronne.***

**Hernubare hulpbronne**
- Is daardie hulpbronne wat vervang kan word deur natuurlike prosesse✓✓
- Hierdie hulpbronne word herproduseer sonder imenging oor 'n redelike tydperk✓✓
- bv. sonskyn, reën, plante en diere✓ (MAKS. 4 PUNTE)

**Nie-hernubare hulpbronne**
- Hierdie hulpbronne soos neem miljoene jare om te vorm✓✓
- Hierdie hulpbronne kan nie herproduseer word nie✓✓
- bv. steenkool, olie, minerale en gas, land✓ (MAKS. 4 PUNTE) **(2x4)** (8)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  ('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

2.5 **Hoe kan die ontwikkeling van kleinsakeondernemings die gemarginaliseerdes groepe in Suid Afrika bevoordeel?**

Kleinsakeondernemings kan die gemarginaliseerdes help deur:

- Opleiding kan verskaf word om werksgeleenthede te skep vir die strukturele werklose mense om 'n meer inklusiewe ekonomie te bou✓✓
- Entrepreneurskap veral by vroue en die jeug kan ontwikkel word in plattelandse gebiede waar werkloosheid baie hoog is✓✓
- Om diversifisering in die ekonomie aan te moedig deur 'n verskeidenheid van vaardighede te ontwikkel✓✓
- Om kompetisie aan te moedig wat die verbruiker bevoordeel op bv. laer pryse
- Armoede word verminder in plattelandse gebiede deur inkomste✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
  ('n Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde) (8)

**[40]**

s

**VRAAG 3: MAKROEKONOMIE**

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE voorbeelde van primêre energiebronne wat in Suid-Afrika gebruik word.**

- Steenkool✓
- Uraan✓
- Kernkragsentrales✓
- Hidroëlektrisiteit✓
- Wind✓
- Hout✓ (2x1) (2)

3.1.2 **Waarom is hulpbronne so belangrik in die produksieproses?**

- Hulpbronne word as insette in die produksieproses gebruik om goedere en dienste te vervaardig✓✓ (1x2) (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.2 DATARESPONS

3.2.1 **Identifiseer die metode wat gebruik word om die BBP in die tabel hierbo te bereken.**

- Inkomste metode / BBP (I) ✓✓ (2)

3.2.2 **Beskryf kortliks die term *bruto binnelandse produk*.**

- Totale waarde van alle finale goedere en dienste geproduseer binne die grense van ’n land vir ’n bepaalde periode ✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.2.3 **Wat is die vernaamste doelwit van subsidies op produksie?**

- Om produksiekoste te verminder ✓✓ / om meer te produseer vir uitvoere✓✓ / die verbruiker word bevoordeel deur laer pryse✓✓ / die produsering van meer goedere en dienste✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.2.4 **Bereken vastekapitaalverbruik as ’n persentasie van die BBP teen faktorkoste. Toon ALLE berekeninge.**

**(Vastekapitaalverbruik / Bruto waarde toegevoeg teen faktorkoste X 100)**

- R560 397✓ / R3518 318 x 100✓
  = 15,9 % ✓✓ van 16 %✓✓ (4)
  (Slegs 2 punte moet toegeken word indien net die antwoord gegee word)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die ekonomiese konsep wat deur die uittreksel uiteengesit word.**

- Werkloosheid✓ (1)

3.3.2 **Verskaf ʼn rede hoekom die ekonomiese konsep op bykans elke straathoek vertoon word?**

- Werkloosheid vermeerder elke jaar ✓ (1)

3.3.3 **Verduidelik kortliks TWEE *sosiale* redes vir die hoë werkloosheidskoers in Suid-Afrika.**

- Tekort aan onderwys✓✓ / hoë volwasse ongeletterdheidkoers in SA✓✓
- Tekort aan vaardigheid✓✓ / hoë aanbod van onopgeleide werkers✓✓ (2x2) (4)

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.3.4. **Hoe kan die informele sektor ʼn impak hê op die vermindering van die werkloosheidskoers?**

- Mense kan hul eie besighede begin ✓✓
- Groot aanvangskapitaal is nie ʼn vereiste nie✓✓
- Vaardighede en geletterdheid is nie ʼn vereiste nie✓✓
- Mense kan ʼn inkomste verdien om die mees basiese behoeftes te bevredig✓✓ (2x2) (4)

  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

3.4 **Onderskei tussen *reële belegging* en *finansiële belegging*.**

- **Reële belegging** is die toerusting en masjinerie wat met geldkapitaal gekoop is✓✓
- Word gebruik in die produksieproses waartydens nuttige goedere en dienste vervaardig word✓✓
- Die doel is om winste in die toekoms te maak✓✓ (Maks. 4 punte)
- **Finansiële belegging** is die geld wat gebruik word om kapitaalgoedere te koop✓✓
- Geldkapitaal word gebruik om verdere produksie moontlik te maak✓✓ (Maks. 4 punte) (2x4) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(ʼn Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

3.5 **Hoe kan die regering die probleem rondom die grondverdeling in Suid-Afrika oplos?**

***Grondhervormings / Grondrestitusieprogram*** ✓

- Die doel van hierdie program is om die geldigheid van eise te ondersoek, grond terug te gee of finansiële vergoeding aan eisers uit te betaal✓✓
- Mense wat van hulle grond onteien is as gevolg van rasse-diskriminerende wette en praktyke✓✓

***Grondherverdelingsprogram*** ✓

- Die doel is om voorheen benadeelde Suid-Afrika toegang tot landbougrond te gee✓✓
- Die regering het oorspronklik gemik om 30 % van Suid-Afrikaners se landbougrond teen 2014 te herverdeel✓✓
- Hulle het in 2010 toegegee dat die doelwit nie teen 2014 bereik sou word nie en 2015 as ʼn meer realistiese datum aangedui✓✓
- Die klem het verskuif van vinnige herverdeling van grond na meer ondersteuning aan gevestigde begunstigdes✓✓ (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
(ʼn Maksimum van 2 punte kan toegeken vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

**[40]**

## VRAAG 4: MAKROEKONOMIE

4.1 **Beantwoord die volgende vrae.**

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE soorte kommunikasie infrastruktuur wat in Suid-Afrika gebruik word.**

- Posdienste✓
- Telekommunikasie✓
- Internet en e-pos✓
- Radio✓
- Televisie✓
- Gedrukte media / koerante en tydskrifte✓ (2x1) (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.1.2 **Hoe kan belasting gebruik word om die afwaartse tendens in die ekonomie te herstel?**

- Belasting moet daal / gesny word✓✓
- 'n Afname in belasting sal verbruikersinkomste verhoog✓✓
- Dit sal lei tot 'n toename in vraag na goedere en dienste en dit kan lei tot 'n toename in aanbod (produksie) van goedere en dienste✓✓
- Ekonomiese aktiwiteite sal toeneem en die ekonomie sal groei✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (1x2) (2)

4.2 DATARESPONS

4.2.1 **Identifiseer 'n rede hoekom Eskom beurtkrag ingestel het?**

- Vraag na elektrisiteit is groter as aanbod van elektrisiteit✓ (1)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.2.2 **Noem die persentasie elektrisiteit wat deur die primêre sektor in Suid-Afrika gebruik word?**

**(Landbou + mynbou persentasies)(1,4% + 0,03%)**

- 1.43 %✓ (1)

4.2.3 **Verduidelik kortliks die term *beurtkrag* in terme van elektrisiteit.**

- Kragonderbreking vind plaas om grootskaalse elektrisiteitsgebruik te verminder✓✓ (2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.2.4 **Hoekom gebruik plaaslike verbruikers die meeste hoeveelheid krag?**

- Die plaaslike verbruikers se getalle groei / bevolkingsgroei ✓✓
- Vermeerdering in behuisingsontwikkelings, bv. HOP / kompleksontwikkeling ✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.2.5 **Hoe sal beurtkrag die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed?**

- Uitvoere gaan afneem en minder buitelandse valuta inbring✓✓
- Werkers gaan minder inkomste ontvang en minder goedere en dienste koop✓✓
- Pryse gaan toeneem omdat produksie afneem✓✓
- Invoere gaan toeneem as gevolg van die daling in aanbod✓✓
- Dienslewering gaan afneem✓✓ (2x2**)** (4)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer ’n land wat die genoemde ekonomiese stelsel gebruik.**

***** VSA / Amerika ✓ (1)

4.3.2 **Noem EEN voordeel van ’n vryemarkekonomie.**

- Indiwidue maak hulle eie besluite ✓
- Die vryheid van keuse ✓
- Geen staatsinmenging nie ✓
- Die produksiefaktore word beheer en is in privaatbesit ✓ (1)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.3.3 **Verduidelik kortliks die term *vrye-mark ekonomiese stelsel*.**

- Die markekonomie (vryemark) los die basiese probleem rondom “wat”, “hoe” en vir “wie” op om dan deur die markmeganisme produseer te word. ✓✓

- Die interaksie van die verbruikers en ondernemings bepaal die pryse van goedere en dienste vryelik en met beperkte staatsinmenging. ✓✓ (2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

4.3.4 **Hoe is die markekonomie "self-regulerend"? Motiveer.**

- Die prysmeganisme koördineer die ekonomiese aktiwiteite. ✓✓
- Verbruikers en produseerders kom bymekaar om op elkeen se behoeftes te reageer. ✓✓
- Die verbruikers se vryheid van keuse gee rigting aan die tipes en hoeveelheid goedere. ✓✓ (2)

4.3.5 **Hoekom is kapitalisme nie tot voordeel van alle lande en sy inwoners nie?**

- Hulpbronne is onderbenut of word nie doeltreffend aangewend nie
  - ŉ Duplikasie van ekonomiese ektiwiteite vind dikwels plaas, wat tot markmislukkings kan lei. ✓✓
- Ongelyke verdeling van inkomste
  - Die proses van welvaartskepping behels diegene met kapitaal, terwyl die siekes en haweloses swaar kry. ✓✓
- Ekonomiese onstabiliteit
  - Die fluktuasies in sakesiklusse skep inflasie en werkloosheid ✓✓
- Uitsluiting van die armes vanaf die markte
  - Die vryheid van keuse is dikwels nie geskik vir die armes nie, soos die voordele verkry vanaf reklame ✓✓
- Die skep van belangegroepe (drukgroepe)
  - Die vryheid van ondernemings kan monopolieë en kartelle tot stand bring, wat die ekonomie nadelig beïnvloed ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) (2x2) (4)

4.4 **Bespreek die rol van die faktormark in die ekonomiese kringloop.**

- Die huishouding is die eienaars van die produksiefaktore en verkoop dit aan produseerders op die faktormark ✓✓
- In ruil daarvoor ontvang die huishouding faktorinkome bv. (salarisse en lone, huur, rente, winste) ✓✓
- Die produseerders koop die produksiefaktore vanaf die verbruikers op die faktormark✓✓
- Die produseerders gebruik die produksiefaktore om goedere en dienste te vervaardig✓✓
- Hierdie goedere en dienste word weer verkoop aan die verbruikers✓✓

(4x2) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
(ŉ Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

4.5 **Hoe dra Swart Ekonomiese Bemagtiging by tot gemeenskapsdeelname in Suid-Afrika?**

- Breedgebasseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB) is ŉ vorm van ekonomiese bemagtiging, wat die SA regering ingestel het met die doel om welvaart so wyd moontlik deur die gemeenskap te versprei✓✓
- Volgens die Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtingswet, is vorige benadeelde groepe swart mense, kleurlinge, en vroue. ✓✓
- Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtingswet bied aan klein en medium ondernemings toegang tot die mark✓✓
- Behels swart eienaars van besighede en staatsdienste, asook groot besighede, sodat hulle deel is van alle besluitnemings-prosesse✓✓
- Ondersteuning aan swart besighede, sodat swartes ŉ groter rol kan speel in die ekonomie✓✓
- Toetrede tot die aandelemark vir swart eienaars / mense. ✓✓ (8)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
  (ŉ Maksimum van 2 punte kan toegeken word vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

**Beantwoord enige EEN van die twee vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORD-BOEK.**

**Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:**

| STRUKTUUR VAN OPSTEL | PUNTE-TOEKENNING |
|---|---|
| **Inleiding** | **Maks.2** |
| **Liggaam**<br>Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede / Diepgaande bespreking / Ondersoek / Bespreek krities / Ontleed (Analiseer) / Vergelyk / Evalueer / Onderskei / Verduidelik / Assesseer / Debatteer | **Maks. 26** |
| **Addisionele gedeelte:** Gee eie mening / Bespreek krities / Evalueer / Evalueer krities / Teken ŉ grafiek en verduidelik / Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik / Voltooi die gegewe grafiek / Bereken / Lei af / Vergelyk / Verduidelik / Onderskei / Interpreteer / Debatteer kortliks / Hoe? / Stel voor | **Maks. 10** |
| **Slot**<br>Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit:<br>ŉ Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is<br>Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is<br>Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking / ontleding versterk<br>ŉ Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra<br>Aanbevelings | **Maks. 2** |
| **Totaal** | **40** |

**VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE** **40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die lewering van sosiale dienste in Suid-Afrika. (26 punte)
- Wat kan die Suid-Afrikaanse Regering doen om die lewering van sosiale dienste aan Suid-Afrikaners te verbeter? (10 punte)

**INLEIDING**

Die regering se sosio-ekonomiese programme naamlik behuising, onderwys, ekonomiese groei om werkloosheid te verminder, mediese sorg en die lewering van basiese dienste soos water en elektrisiteit, word jaarliks in oënskou geneem in ŉ poging om die situasie te verbeter. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante inleiding) **(Maks. 2)**

**HOOFGEDEELTE**

**SOSIALE DIENSTE IN SUID-AFRIKA**

**Onderwys en opleiding**✓
- Onderwys is die enkele grootste uitgawe-item in die begroting√√
- sluit in basiese onderwys in skole, VOO kolleges en universiteite, om geletterheid te verhoog✓✓
- Die regering sien onderwys as ŉ belangrike bemagtingsmetode.
- Die hooffokus is op Vroeër Kinderontwikkeling. ✓✓
- Die persentasie van mense met formele skoolopleiding, asook die geletterdheidsvlak het toegeneem. ✓✓
- ŉ Groot bron tot kommer is die geweldige mislukkings op tersiêre vlak en diegene wat skool voortydig verlaat. ✓✓

**Gesondheidsorg**✓
- Om basiese gesondheidsdienste aan die hele gemeenskap te verskaf✓✓
- Vraag na gesondheidsorg gaan waarskynlik toeneem namate meer pasiënte✓✓ behandeling moet ontvang vir MIV / Vigs en TB✓✓
- Die gesondheid van ŉ bevolking is baie belangrik, aangesien dit produktiweit in die werksplek verseker. ✓✓
- Gesonde mense het ŉ aansporing om in die onderwys te belê, aangesien hulle verlengde lewens vir hulle groter opbrengste sal lewer. ✓✓
- Die openbare gesondheidsorg fokus dan op die verskaffing van primêre gesondheidsorg by klinieke en mobiele besoekpunte. ✓✓

**Behuisingsfunksie**✓
- Sluit die voorsiening van behuising aan armes in. ✓✓
- Die Nasionale Behuisings Finansies Korporasie is die openbare onderneming verantwoordelik vir die veskaffing van dienste aan die lae-inkomste behuisingsektor. ✓✓
- Die regering verskaf ook ŉ behuising subsidieskema, wat fondse verskaf aan kwalifiserende indiwidue met lae inkomste. ✓✓

**Sosiale sekuriteit**✓
- Probeer die basiese behoeftes van sommige individue bevredig. ✓✓
- Dit beskerm ook en bevorder die regte van weerlose groepe soos kinders, ouer persone, vroue en mense met gebreke✓✓
- Die Departement van Sosiale Ontwikkeling in Suid-Afrika bestuur ook 'n armoede-verligtingsprogram (voedsel) in all nege provinsies.

**Openbare orde en veiligheid**✓
- Fisiese beskerming sluit die weermag, polisie, kriminele regsstelsel en korrektiewe dienste in✓✓
- Dit is kollektiewe dienste✓✓
- Die kwaliteit en doeltreffendheid van hierdie dienste maak dat gemeenskappe en individue veilig en beskerm voel, of nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)
(Maks. 26)

**ADDISIONELE GEDEELTE**

- Wat kan die Suid-Afrikaanse Regering doen om die lewering van sosiale dienste aan Suid-Afrikaners te verbeter?

**Die Suid-Afrikaanse regering kan:**

- Kwaliteit gesondheidsorg beskikbaar maak teen geen betaling omdat 'n groot aantal Suid-Afrikaners in armoede leef en dit nie kan bekostig nie✓✓
- Padinfrastruktuur moet ontwikkel word om vervoer na vervaardigingsindustrieë maklik te maak sonder vervoeropeenhopings✓✓
- Skool sopkombuise moet uitgebrei word na meer primêre skole en gemeenskappe waar werkloosheid 'n groot probleem is✓✓
- Om skoon water te voorsien aan gebiede en gemeenskappe waar droogte ervaar word✓✓
- Om meer maatskaplike toelaes te voorsien aan die minderbevoorregtes en meer behuising te bied aan die armes✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) **(Maks. 10)**

**Slot**

Ten spyte van 'n toename in staatsbesteding, is die lewering van sosiale dienste in Suid-Afika in 'n krisis en baie demonstrasies en sosiale onruste is 'n direkte gevolg van swak dienslewering. ✓✓ **(Maks. 2)**
(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons) **[40]**

**VRAAG 6: MAKRO-EKONOMIE 40 PUNTE: 40 MINUTE**

- Bespreek die ekonomiese belangrikheid van die Primêre Sektor in die ekonomie. (26)
- Hoe kan die ontwikkeling van ŉ meer arbeidsintensiewe industrie Suid-Afrika bevoordeel? (10) **[40]**

**INLEIDING**

Die primêre sektor bestaan uit alle ekonomiese aktiwiteite wat in die eerste stap van die produksieproses van primêre produkte is, byvoorbeeld mynwese, landbou, bosbou en visserye. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrek relevante inleiding) **(Maks. 2)**

**HOOFGEDEELTE**

Belangrikheid van die primêre sektor

**Verskaf voedsel en minerale**✓
- Sommige landbouprodukte word ingevoer✓✓
- Suid-Afrika is amper selfvoorsienend in alle minerale behalwe ru-olie en ander olieprodukte wat ingevoer moet word ✓✓
- Verdien buitelandse valuta deur uitvoere, wat in ruil weer vir invoere van ander produkte betaal✓✓

**Lei werkers op en skep werksgeleenthede**✓
- Werkers moet in die gebruik van masjinerie opgelei word✓✓
- Werksgeleenthede word in die mynbou industrie geskep✓✓
- Landbou is ŉ belangrike werkverskaffer vir plattelandse mense, alhoewel die getalle in die laaste jare afgeneem het ✓✓

**Voorsiening van grondstowwe vir die sekondêre nywerhede in Suid-Afrika**
- Visserye, mynbou en bosbou speel ŉ belangrike rol in die uitbreiding en vestiging van die sekondêre nywerhede in Suid-Afrika✓✓

**Bydrae tot BBP**✓
- As gevolg van die daling in die bydrae van die primêre sektor tot die BBP, is dit belangrik dat die primêre sektor se rol in werkskepping steeds bestaan ✓✓
- Suid-Afrika is steeds een van die grootste produseerders van bykans alle minerale in die wêreld. ✓✓

- **Bron van kapitaalvorming**✓
- Die primêre sektor benodig groot bedrae kapitaal om goedere te produseer✓✓
- Buitelandse investering speel ŉ belangrike rol in die uitbreiding van hierdie nywerhede✓✓

**Stimulasie van navorsing en ontwikkeling**✓
- In die primêre sektor is daar navorsingsinstitute wat navorsing doen oor metodes om produktiwiteit en kwaliteit 'n hupstoot te gee✓✓

**Bron van staatsinkome**✓
- In hierdie sektor ontvang die SAID belasting van alle nywerhede
- Goudmynmaatskappye betaal ekstra belasting, wat deel van 'n belangrike bron vir staatsinkome uitmaak✓✓

**Positiewe invloed op infrastruktuur**✓
- Die ontwikkeling van landboustreke en die ontdekking van minerale speel 'n belangrike rol in die land. ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
  (Allokeer 'n maksimum van 8 punte vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

**(Maks. 26)**

**ADDISIONELE GEDEELTE**

**Hoe kan die ontwikkeling van 'n meer arbeidsintensiewe industrie Suid-Afrika bevoordeel?**

**Die ontwikkeling van meer arbeidsintensiewe industrieë sal die Suid-Afrikaanse ekonomie bevoordeel deur:**

- effektiewe benutting van beskikbare hulpbronne✓✓
- bv. mynbou, landbou en vervaardiging (sekondêre sektor) ✓✓
- opleiding van ingenieurs en vakmanne bring 'n verskeidenheid vaardighede wat kan lei tot ekonomiese groei✓✓
- Verbetering van lewenstandaarde vir die inwoners van Suid-Afrika✓✓
- Die staat sal meer belastinginkome ontvang✓✓
- Die staat sal meer bestee en meer infrastruktuur bou en meer werke kan daardeur verskaf ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)
  (Allokeer 'n maksimum van 2 punte vir opskrifte / sub-opskrifte / voorbeelde)

**(Maks. 10)**

**SLOT**

Ten spyte van die afname in die landbousektor se bydrae tot die BBP is dit steeds 'n belangrike bron van werkverskaffing. ✓✓ **(Maks. 2)**
(Aanvaar enige ander korrekte relevante respons)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**TOTAAL: 150**